**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 12 NOVEMBER 2020 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | | *(sluit aan om 10:40)* |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. W Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/11/2020**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal teenwoordig verwelkom.

***

**BKN002/11/2020**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Rdh. A de Vries – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/11/2020**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/11/2020**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 OKTOBER 2020</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 15 Oktober 2020, bekragtig word met die onderstaande wysigings:

*BKN020/10/2020*
*<u>BESLUIT</u>*

*Dat die item terugverwys word vir verdere ondersoeke/wysigings van finansiële beleide om grond beskikbaar te stel aan plaaslike inwoners wat benadeel is en tans steeds uitgesluit word tydens die verkoop van grond.*

*EN*

*BKN021/10/2020*
*<u>BESLUIT</u>*

*Dat die item terugverwys word vir verdere ondersoeke/wysigings van finansiële beleide om grond beskikbaar te stel aan plaaslike inwoners wat benadeel is en tans steeds uitgesluit word tydens die verkoop van grond.*

***SENIOR TIKSTER (JM. ROSENBERG)***

***

**BKN005/11/2020**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 15 OKTOBER 2020**
***(‘n Gewysigde verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat een van die besluite verkeerdelik uitgemerk is aan die Direkteur Finansiële Dienste in plaas van die Direkteur Korporatiewe Dienste en dat dit elektronies reggestel moet word.

***HOOF: SEKRETARIAAT EN REKORDSBESTUUR***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Implementeringsverslag, soos voorgelê.

***

**BKN006/11/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/11/2020**
**KORRUPSIE EN RISIKO’S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking. Die Interne Ouditeur gee aanvullende inligting tot die item.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag, soos voorgelê.

***

**BKN008/11/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededeling:

LIEF

Hy wens die Uitvoerende Onderburgemeester weereens geluk met haar verjaarsdag wat sy gevier het op Maandag 09 November 2020.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/11/2020**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/11/2020**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/11/2020**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WYSIGING AAN AFBETALINGSTERMYN VAN AGTERSTALLIGE DEBITEURE REKENINGE**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die volgende wysiging aan die betalingstermyn goedgekeur word, en dat klousule 7.2.4 van die kredietbeheerbeleid soos volg gewysig word:

   "Indien 'n persoon nie in staat is om agterstallige gelde ten opsigte van munisipale dienste te betaal nie, die Munisipaliteit 'n ooreenkoms met sodanige persoon aangaan, in terme waarvan so 'n persoon toegelaat word om die agterstallige gelde in maandelikse paaiemente soos volg af te betaal, afbetaling van die verskuldigde bedrag binne die volgende riglyne moet geskied.

| | | |
|---|---|---|
| R0 – R1 000 | : | 12 maande |
| R1 001 – R2 000 | : | 18 maande |
| R2 001 – R3 000 | : | 24 maande |
| R3 001 – R4 000 | : | 30 maande |
| R4 000 en meer | | 10% van lopende rekening"; en |

2. Dat, waar die uitstaande rekening nie in 'n bekostigbare paaiement soos vervat in klousule 7.2.4 van die beleid berekening kan word nie, 'n paaiement van 10% van die maandelikse lopende rekening, uitgesluit enige krediete wat gegee mag word, bereken word. Sodanige versoek moet aan die Rekenmeester: Kredietbeheer gestuur word, met nodige motivering oor hoekom daar afgewyk moet word van klousule 7.2.4. Die Rekenmeester: Kredietbeheer kan sodanige reëling dan goedgekeur. Enige reëling wat op die basis getref word, moet maandeliks ten volle betaal word. Indien sodanige reëling nie maandeliks ten volle vereffen word nie, sal normale kredietbeheer teen die rekening geïmplementeer word.

***

**BKN012/11/2020**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BELEID: BELONING VIR INLIGTING ONTVANG VANAF DIE PUBLIEK OM BEDROG, KORRUPSIE, VANDALISME, DIEFSTAL EN ANDER KRIMINELE AKTIWITEITE HOK TE SLAAN**
**2/B**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die konsepbeleid in-beginsel goedgekeur word; en
2. Dat die beleid in werking tree sodra daar toepaslik voor begroot is.

***

**BKN013/11/2020**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: STRATEGIESE SESSIE 29 EN 30 OKTOBER 2020 TE VELDDRIF**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die vullistariewe reggestel word;
2. Dat dorpe fisies getel word vir tariefregstellings;
3. Dat die Rioolsuiweringswerke in Velddrif- dringend reggestel word;
4. Dat Waterverliese beperk word deur die metervervangingsplan in werking te stel;
5. Dat inkomste-kwessies reggestel word;
6. Dat die KPI's in die TLSDBIP dienslewerings gerig – elke Portefeulje Voorsitter en hul Direkteur in Feb/Maart 2021 in detail sal kyk na hul eie TLSDBIP en op 'n skoon bladsy begin en minder TLSDBIP KPI's skryf (in SMART formaat) wat op dienslewering gefokus is vir insluiting in die Konsep TLSDBIP;
7. Dat makro- en mikro-organogramme hersien word in die volgende rondte (na verkiesing 2021);
8. Dat die Departementele SDBIP en terugvoer daarop gedeel word van elke Staande Komitee se terugvoerverslag van elke Bestuurder / Hoof, vanaf Desember 2020 se Staande Komitees;
9. LUPA-proses appèlle: Dat alle appèlle onder die aandag van die Uitvoerende Burgemeester gebring word, ook die wat nie geldig is nie as gevolg van 'n prosesfout. Die delegasies moet op datum gebring word om die feit dat die Stadsbeplanners voldoening in terme van die checklist beoordeel, in te sluit;

***MUNISIPALE BESTUURDER***

10. Dat grondverkope aan middelklas huishoudings as prioriteit aangespreek word deur Korporatiewe Dienste en daar nie net ondersoek ingestel word na Munisipale Grond nie;
11. Die auxiliaries op kragverkope: Dat die Direkteur Finansiële Dienste en Porterville Finansies versoek word om weer te kyk na die deposito wat vereis word, of dit in lyn is met ons beleid en die gevalle waar 'n familielid oorlede is en die huis nog nie oorgedra is nie; en
12. Dat die finansiële kwessies soos uitgelig in die aanbieding van die Direkteur Finansiële Dienste dringend uitgesorteer moet word.

***

**BKN014/11/2020**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BUDGET REGARDING: MIG PROJECTS TO BE INCLUDED IN MUNICIPAL BUDGET 2020/2021, 2021/2022 AND 2022/2023 FINANCIAL YEARS**
**5/9/3**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Tegniese Dienste en ’n gewysigde verslag voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 24 November 2020.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (24/11/2020)***

***

**BKN015/11/2020**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: GOEDVERWACHT WATERPROBLEEM**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in. Raadslid Wessels gee aanvullende inligting tot die item. Op versoek van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sluit die Speaker om 10:40 aan en gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat ’n volledige verslag, met betrekking tot die water probleem in Goedverwacht tesame met die brief soos opgestel deur die Speaker, by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Raadsvergaderings voorgelê word vir oorweging/goedkeuring, soos geskeduleer vir Donderdag 10 Desember 2020.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (10/12/2020)***

***

***(Die Speaker verlaat die vergadering na afloop van die bespreking om 11:10)***

**BKN016/11/2020**
**BERGHOFF: HUUR VAN GROND VIR BEDRYF VAN "MODULAR LIBRARY"**
**17/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir goedkeuring.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in-beginsel goedkeuring verleen, dat die huurkontrak met mnr Huysamer, vir die Berghof modulêre biblioteek verleng word vir 'n verdere tydperk vanaf 1 Julie 2021 tot 31 Mei 2030, dus 'n totale termyn van 9 jaar en 11 maande, teen die voorwaardes soos vervat in die huidige huurkontrak, nadat die proses gevolg is, soos uiteengesit in Artikel 116(3) en Artikel 33 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN017/11/2020**
**BEHUISINGSTOEKENNINGSBELEID**
**15/2/2/30**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 10 Desember 2020.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (10/12/2020)***

***

**BKN018/11/2020**
**HERPRIORITISERING VAN BEHUISINGSONTWIKKELINGSFONDSE**
**17/5/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die skrywes soos voorgelê;
2. Dat Me. J Sampson van Provinsie genooi word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Dinsdag 19 Januarie 2021 om 'n breedvoerige voorlegging te doen met betrekking die stand van Behuising in die Wes-Kaap en stand van behuising in die Bergrivier Munisipale Gebied in besonder; en
3. Dat gesamentlike gesprekke gefasiliteer word tussen die Direksie en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee na die voorlegging van Me. J Sampson vir verdere strategiese gesprekke met betrekking tot behuisingskwessies in Bergrivier Munisipaliteit.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (19/01/2021)***

***

**BKN019/11/2020**
**WSDP – AUDIT (WATERDIENSTE PLAN)**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die plan aanvaar en goedkeur alvorens dit aan Departement Waterwese en Sanitasie (DWS) gestuur word vir die finale goedkeuring.

***

**BKN020/11/2020**
**PASSING OF DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING**
**15/1/7**
***(Die verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae E)***

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;

2. That in terms of Section 156(2) of the Constitution read with Section 11(3)*(m)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the amended By-law on Municipal Land Use Planning, attached as **Annexure C in the report**, be passed;

3. That in terms of Section 13*(a)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the amended By-law on Municipal Land Use Planning, attached as **Annexure C in the report**, be published in the Provincial Gazette and come into effect on date of publication; and

4. That the amended delegations, attached as **Annexure E in the report**, applicable to the amended By-law on Municipal Land Use Planning, be approved.

***

**BKN021/11/2020**
**MANDAAT: VASTE KOSTE: ESSENSIËLE VERVOERSKEMA**
**4/5/2/5**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in. Die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste gee aanvullende inligting tot die item.

**BESLUIT**

Dat die onderstaande aanbeveling vanaf SALGA **nie ondersteun** word nie:

"Dat Bergrivier Munisipaliteit die voorgestelde wysiging van die vaste koste tarief vir 'n 1600cc bakkie vanaf R4.15/km na R5.26/km gebaseer op die prys van die tweede goedkoopste 1600cc bakkie (tans R247 100) ondersteun."

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN022/11/2020**
**<u>SLUITING VAN KANTOOR VIR JAAREINDE 2020/2021</u>**
**2/4**
***('n Gewysigde verslag word ter tafel gelê soos elektronies versprei – Bylae F)***

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in met betrekking tot die onderstaande:

- Dat die Raadsvergadering met toestemming verskuif vanaf Dinsdag 15 Desember 2020 na Donderdag 10 Desember 2020 om 14:00;
- Dat die Administrasie die nodige regstelling sal maak in die media by wyse van advertering, met betrekking tot bogenoemde verskuiwing; en
- Dat geen formele vergaderings van die Raad vir die tydperk vanaf Vrydag 11 Desember 2020 tot Maandag 18 Januarie 2021 sal plaasvind nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die onderstaande reëlings vir 2020/2021 jaareinde goedkeur, naamlik:

1.1 Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf 28 tot 31 Desember 2020;

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 28 tot 31 Desember 2020;

1.3 Dat die NATIS-kantore van Porterville, Piketberg en Velddrif sluit vir die periode 28 tot 31 Desember 2020;

1.4 Dat die NATIS-kantore van Porterville, Piketberg en Velddrif op Saterdag 19 Desember 2020 **oop sal wees** vir dienslewering vanaf **08:30 tot 13:00**;

1.5 Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit op 24 Desember 2020 oop sal wees tot 13:00;

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

1.6 Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word vanaf 28 tot 31 Desember 2020 vanaf **07:30 tot 13:00**:

1.6.1 Alle kassiere (**uitgesluit** NATIS-betaalpunte) sal oop wees en eers om 12:00 afsluit, **uitgesluit** alle Strandoorde wat voldag werk;

1.6.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word;

1.7 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en

vooruit-betaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.8 Dat vullisverwydering en Verkeerswetstoepassingdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

1.9 Dat alle werknemers (**uitgesluit** die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 5.6.1 tot 5.6.2 en paragraaf 5.7) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit vir 28 tot 31 Desember 2020. Die persone wat nie oor genoegsame verlofkrediete beskik nie, moet vir diens aanmeld; en

1.10 Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit vroegtydig gekommunikeer word met die publiek.

***

**BKN023/11/2020**
**<u>INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE (IKT) STRATEGIESE PLAN</u>**
**6/2/3/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die hersiening van die Informasie Kommunikasie Tegnologie (IKT) Strategiese plan wat tans hersien word en dat dit gebruik word vir die identifisering en implementering van 'n toepaslike dokumentbestuurstelsel.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**BKN024/11/2020**
**<u>AFWYKING: IMIS: TGIS</u>**
**6/2/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking vir hoofsaaklik die aanstelling van TGIS vir 'n periode van ses maande (01 Januarie 2021 tot 30 Junie 2021).

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**BKN025/11/2020**
**<u>PMU & BUILDING CONTROL – OCTOBER 2020</u>**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN026/11/2020**
**VOERTUIGVERVANGING**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag soos voorgelê.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN027/11/2020**
**VORDERING MET IMPLEMENTERING VAN DIE EKONOMIESE HERSTELPLAN**
**15/1/5/11**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

Uiteenlopende gesprekke en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die moontlikheid ondersoek word om die besigheidsproses vir permitte, lisensies, sonering ensovoorts uiteen te sit vir voornemende entrepreneurs van SMME's (“Ease for doing business”), en om dit op alle dorpe in die Bergrivier Munisipale area beskikbaar te stel by Ontvangs en dat dit gekommunikeer word op alle kommunikasie mediums van Bergrivier Munisipaliteit; en
2. Dat die Konsep Informele Handelsbeleid onderskeidelik voorgelê word by die Direksie, soos geskeduleer vir Maandag 16 November 2020 en die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee, soos geskeduleer vir Woensdag 02 Desember 2020, vir verdere bespreking.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (16/11/2020 & 02/12/2020)***

***

**BKN028/11/2020**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN029/11/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN030/11/2020**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN031/11/2020**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN032/11/2020**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN033/11/2020**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:50*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***